higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

21 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar		
	1.1.2	Onwaar		
	1.1.3	Waar		
	1.1.4	Onwaar		
	1.1.5	Onwaar		
	1.1.6	Waar		
	1.1.7	Onwaar		
	1.1.8	Onwaar		
	1.1.9	Onwaar		
	1.1.10	Onwaar		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	Publieke administrasie		
	1.2.2	Direkteur-generaal		
	1.2.3	Grondwet		
	1.2.4	Premier		
	1.2.5	Regeringsbeleid		
	1.2.6	Proporsionele kiesstelsel		
	1.2.7	Nasionale raad van provinsies		
			(7 × 2)	(14)
1.3	1.3.1	Grondwetlike hof		
	1.3.2	Suid-Afrikaanse Reserwebank		
	1.3.3	Die oppergesag van die reg		
	1.3.4	Dorpstesourie		
	1.3.5	Premier✓ Uitvoerende Raad ✓		
			(6 × 1)	(6)
				[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- 'n Premier word by die eerste sitting van lede van die provinsiale wetgewer verkies.
- Gewoonlik uit die meerderheidsparty in die provinsiale Wetgewer.
- Hulle beklee die amp vir vyf jaar.
- Premiers is hoofde van provinsiale uitvoerende beamptes. (4)

2.1.2

- Om provinsiale wetsontwerpe goed te keur
- Om wetsontwerpe met gebreke vir verdere oorweging terug te verwys
- Om vergaderings van die Uitvoerende Raad te belê.
- Om kommissie van ondersoek aan te stel.
- Om lede van die Uitvoerende Raad aan te stel.
- Om referendums uit te roep. (6)

2.2 Belastingheffingstelsel

- Voordeelbeginsel ✓✓
  Beteken dat belasting betaal moet word ooreenkomstig die voordele wat die belastingbetaler van die staat moet ontvang. ✓✓

Vermoë om te betaal ✓✓

- Die toepaslike beginsel hier is dat die belasting wat gehef word binne die belastingbetaler se vermoë moet val, wat toegewys word op grond van die nasionale kiesstelsel volgens die persentasie stemme wat elke party ontvang het.✓✓
- Dit beteken dat die persoon met 'n laer/swakker finansiële vermoë baie minder belasting sal betaal as die persoon met 'n hoër/sterker finansiële vermoë.✓✓

Horisontale en vertikale redelikheid✓✓

- Beteken dat alle persone met gelyke finansiële vermoëns op 'n gelyke grondslag vir belasting aangeslaan moet word, terwyl mense met ongelyke vermoëns ook op 'n ongelyke manier hanteer moet word.✓✓

(3 × 4) (12)

2.3

- Belasting op toegevoegde waarde
- Doeanereg/belasting
- Aksynsreg/belasting
- Brandstofbelasting (4 × 2) (8)

2.4
- Die Grondwet het oppergesag oor die parlement.
- Die Grondwet waarborg gelyke regte vir alle Suid-Afrikaanse burgers.
- Die Grondwet bevat die Handves van Regte, wat die verhouding tussen die staat en landsburgers reël.
- Die Grondwet maak voorsiening vir die vorming van ’n regering van nasionale eenheid.
- Die voormalige vier provinsies word deur nege provinsies vervang, wat elkeen sy eie regering het.
- Die Grondwet verskans verskeie belange van die gemeenskap.

(Enige 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 3

3.1
1 – Wetgewende
2 – Uitvoerende
3 – Administratiewe
4 – Nasionale Vergadering
5 – Nasionale Raad van Provinsies
6 – President
7 – Adjunk-president
8 – Ministers
9 – Adjunk-ministers
10 – Staatsdepartemente

(10 × 1) (10)

3.2
- Politieke partye dra by tot die vorming van verligte openbare mening deur landsburgers te oortuig om ’n wesenlike belang in die staat se aktiwiteite te toon.
- Politieke partye gee ’n uiteensetting van die werklike probleme waarvoor die gemeenskap van tyd tot tyd te staan kom en doen alternatiewe oplossings/besluite aan die hand.
- Hulle ontdek en stel verkiesingskandidate bekend, wat onderneem om standpunte oor verskeie tersaaklike probleme in te neem.
- Die party wat ’n verkiesing wen, aanvaar verantwoordelikheid vir so lank dit aan bewind is, om die nodige konsepwetgewing in te voer en die administrasie van die land te hanteer. (5 × 2) (10)

3.3
- Wetgewende Gesag – moet nie met die uitvoering/toepassing van wette belas word nie en kan dus nie as ’n geregshof funksioneer nie.
- Uitvoerende Gesag – kan nie wette of regulasies verorden om landsburgers se fundamentele regte en vryhede te beperk nie.
- Regsprekende Gesag – kan nie wette verorden nie en daar word nie verwag dat dit uitvoerende aktiwiteite moet bestuur nie. (3 × 2) (6)

3.4
- Verantwoordelikheid beteken dat ’n persoon hom of haar daartoe verbind om iets op sy/haar skouers te neem.
- Dit is ’n verbintenis tot ’n spesifieke taak of doelwit.
- In daardie sin gaan openbare verantwoordelikheid en aanspreeklikheid/toerekenbaarheid hand aan hand.
- Dit kan beskou word as verantwoordelikheid van amptenare wat op die terrein van publieke administrasie werk om verbind te wees tot die doelwitte wat in die staats/regeringsinstellings gestel word. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou